SAKE 24 (Beeld Naweek)
16 Jun 2012, p.15

Minder kontant is in Mei onttrek

Kitsbankonttrekkings het in Mei teenoor die vorige maand verswak.

Dis egter op 'n jaargrondslag aansienlik beter as verlede jaar, toon die jongste statistieke van Spark ATM Systems, wat die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings by meer as 1 500 kitsbanke in die land meet.

Die Spark Cash Index (SCI) toon dat die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings op 'n maandgrondslag in Mei met 2,18% tot R425,94 per transaksie gedaal het.

Dié daling kan toegeskryf word aan tradisionele sterk onttrekkings in April, wat gekenmerk word deur Paasfees en vakansiedae.

"Die indeksdaling in Mei was te verwagte ná die styging in April waartydens verbruikers baie vrye tyd gehad het om inkopies te doen," sê Ronel Oberholzer, 'n ekonoom van IHS Global Insight.

Op 'n jaargrondslag het die gemiddelde onttrekkingswaarde met 4,81% verbeter, wat die hoogste jaar-tot-jaar-toename vanjaar is.

Die grootste gemiddelde onttrekkingswaarde is in die oorsigmaand in Mpumalanga gemeet (R454,08), gevolg deur Limpopo (R448,81) en die Oos-Kaap (R445,90).

Die grootste groei in die gemiddelde onttrekkingswaarde op 'n maand- en jaargrondslag is in Gauteng aangeteken.

Marc Sternberg, besturende direkteur van Spark ATM Systems, sê die vraag na gerieflike kontantverkryging in dié provinsie groei aansienlik. Die groei word ondersteun deur 'n toename in onttrekkings by petrol-, kleinhandel- en groothandelgeriewe.

Hy meen die daling in Mei op 'n maandgrondslag is waarskynlik tekenend daarvan dat verbruikersvraag stabiliseer.

Statistieke Suid-Afrika het vandeesweek bekend gemaak dat die groei in Suid-Afrika se kleinhandelverkope vir April tot 1% op 'n jaargrondslag verswak het wat daarop dui dat verbruikersbesteding momentum verloor.

Volgens Sternberg is dit moontlik dat kleinhandelverkope op 'n maandgrondslag in Mei ook swakker gaan groei, maar hy verwag stewiger groei op 'n jaargrondslag.

– Letitia Watson